# WEEK 28 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

## KURSUSSE / WERKSWINKELS / KONFERENSIES

**Shepherd VBO Werkswinkel:** Klik hier vir die volledige inligtingsdokument - **sluitingsdatum vir inskrywings is Maandag 15 Oktober 2018.**




**VBO-WERKSWINKEL: Lourens Bosman. 22 – 23 Oktober 2018**
**Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk**
**Hierdie is ook Module 5 van die**
**SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING**
**(Oop werkswinkel vir leraars, gemeenteleiers en belangstellendes)**

**Brugbedieningskursus**: 'n Premierkursus, aangebied deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria. Hierdie kursus word weer vanaf **5 - 8 November 2018** aangebied. Die kursusleier by dié geleentheid is prof Malan Nel. Koste beloop R2 200 (BTW ingesluit) en sal by die UP aangebied word, 70 VBO-punte kan vir die bywoning daarvan, verdien word. **Die doel hiervan:** Wanneer 'n predikant 'n gemeente verlaat, laat dit so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om Brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgangsperiode en tot voordeel van die gemeente. Belangstellendes kan vir Hesmarie Bosman kontak op 012 420 4952.

Excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

**KURSUS OM AS SPIRITUELE BEGELEIER OPGELEI TE WORD:** Die kursus word in sewe blokke van drie dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Dit sal meestal by NG Stellastraat-gemeente in Brooklyn, Pretoria en gedeeltelik by die Origins Retreatsentrum naby Rustenburg aangebied word. Dit val onder toesig van die Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met *Excelsus* van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan **150 VBO-punte verdien** - daar is sewe aanbieders betrokke en volgende jaar se kursus sal die tiende een wees. **Aansoeke sluit op Sondag 30 September 2018 en die kursus begin op Sondag 17 Februarie 2019.** Klik hier vir volledige inligting, of kontak vir dr Willem Nicol by wnicol@mweb.co.za, of 083 966 783

## GEMEENTE NUUS

### NG Gardeniapark bied aan:




en...




## SINODENUUS

**Bedieningsbegeleiding: Netwerk JONK Vrystaat - *#imagine 2019 Experiences*:** Jongmense in ons streek moet asseblief kennis neem van hierdie geleentheid wat **vanaf 29 tot 31 Maart 2019 gaan plaasvind!** Soos in die verlede, vind dit weer op dieselfde tyd in vier provinsies plaas, naamlik die Wes- en Oos-Kaap, Vrystaat en Limpopo. **Gemeentes, lidmate, skole en ouers word versoek om hierdie datums solank op hulle kalenders aan te bring,** gebruik die ***Save-the-date*-biljet regs** om jou daaraan te herinner! Hou asseblief hierdie spasie dop, aangesien enige verdere inligting ook in hierdie nuusbrief, asook op die NG Kerk Vrystaat se Facebook-blad bekend gemaak gaan word.

